DIE MATIE (Stellenbosch)
9 Oct 2013, p2

'n Fees "vir studente, deur studente"

Diversiteitsweek "'n reuse sukses"

KRAAKVARS DJ Fresh het studente tydens Diversiteitsweek in die Langenhovensentrum vermaak.

EMILY VAN DER MERWE

Die pasafgelope Maties Diversiteitsweek, 'n eerste vir die Universiteit Stellenbosch (US), is deur Wiaan Visser, SR-lid vir Transformasie, as 'n "reuse sukses" beskryf.

Hy het tydens 'n onderhoud met *Die Matie* bygevoeg dat hoewel die Universiteitsbestuur nog nie uitdruklik hieroor besin het nie, dit waarskynlik is dat die geleentheid 'n jaarlike instelling sal word indien dit as 'n sukses beskou word.

Visser kon nie die begroting van die weeklange-feesvieringe bekendmaak nie, maar het verduidelik dat dit buitendien moeilik is om 'n geleentheid soos Diversiteitsweek in waarde te kwantifiseer.

Die feesweek is befonds vanuit "'n oorskot in die strategiese fonds, wat geoormerk is vir projekte om die strategiese doelwitte wat deur die raad goedgekeur is, te bereik".

Diversiteitsweek was 'n inisiatief vanuit die rektorskantoor, wat in samewerking met die Studenteraad aangebied is. *Die Matie* het saam met MFM as mediavennoot opgetree.

Visser meen dat die sukses van die week juis daarin lê dat die rektor ook studente ingetrek het en die organisasie aan hulle toevertrou het: "'n *Event* vir studente, deur studente."

Op die vraag waarom die bestuur dit nodig geag het om juis vanjaar hierdie inisiatief te loods, het Visser verwys na Prof. Russel Botman, Rektor van US, se woorde: "If not now, when?"

Visser meen dat die universiteit Stellenbosch nie in 'n diversiteits-krisis is nie en dat Diversiteitsweek eerder beklemtoon dat "diversiteit iets positief is wat bevorder moet word."

Boonop noem Visser dat die Universiteit baie druk van die Minesterie ervaar om inisiatiewe te loods wat bydra tot die bereik van hul doelwitte in terme van diversiteit en transformasie.

Die suksesvolste deel was volgens Visser die verskeidenheidskonsert waarin Mark Lottering opgetree het. Studente sowel as personeel het aan hierdie konsert deelgeneem.

"Die interaksie wat die rektor met studente gehad het die week is ongeëwenaard - hy was by omtrent al die *events* teenwoordig; Donderdag het hy vir amper twee ure op 'n bankie op die Rooiplein gesit om studente se vrae te antwoord."